BORDUURMASJIENWERK

SKINKBORDLAPPIE

Voorkoms: 60% Werksgehalte 40%

VEREISTE

Die maak en borduur van ‘n skinkbordlap. Skinkbordlap kan beskik oor enige vorm met die minimum grootte van 600cm^2,(bv. 20cm x30 cm of 27,5 cm deursnee van ‘n sirkel). Die verhouding van 2-3 word aanbeveel vir ‘n reghoek en ovaal. Die gebruik van ‘n naaimasjien, vir die insit van die soom, asook kant by afwerking is toelaatbaar, maar mag nie die artikel oorheers nie. Onthou altyd om jou borduurmasjien optimaal te gebruik.

ONTWERP

Die ontwerp moet pas by die vorm van die artikel en moet nie ‘n bepaalde bo of onderkant hê nie. Klein fyner ontwerpe wat nie te bonkig is nie, word aanbeveel. Neem kunsbeginsels in ag by die samestelling van ontwerp. Gebruik die randafwerking as ‘n raam om die ontwerpe te plaas.

TEKSTIELSTOF EN GARE

Gebruik ‘n stewige tekstielstof met n goeie ewedraad weef. Let op na die draadrigting met die uitmeet en knip van skinkbordlap. Die gebruik van ‘n stabiliseringstof moet netjies en korrek gebruik en verwyder word. Die keuse van stabiliseringstof moet pas by die keuse van tekstielstof. Enige geskikte gare wat die gekose ontwerp of ontwerpe tot hul reg sal laat kom, kan gebruik word. Op die spoeletjie kan dieselfde kleur gare gebruik word of selfs spoeletjie gare “bobbin thread” wat dunner is en goeie resultate saam met masjienborduurgare gee.

PARSING

Plaas die artikel met die regterkant na onder op ‘n sagte oppervlak en pars versigtig aan die verkeerde kant. Die gebruik van stysel vir ‘n goeie eindresultaat is toelaatbaar.

AANBIEDING

Trek ‘n stewige basis oor met lap en ryg 2/3 van artikel daarop vas. Verpak in ‘n plastieksak, duidelik gemerk met die volgende: Vertoner se naam, tak en area.

WENKE:

Die korrekte spanning van steke by die borduurwerk is baie belangrik.

MACHINE EMBROIDERY

EMBROIDERED TRAYCLOTH

Appearance: 60% Workmanship: 40%

REQUIREMENTS

A tray cloth embroidered with an embroidery machine. The tray cloth may have any shape with a minimum size of 600 sq. cm. (600cm^2), (e.g. 20 cm x 30 cm or 27.5 cm diameter of a circle). The ratio of 2:3 is advised for an oval or rectangular shape.
The use of a sewing machine for the seam edging or joining of lace is acceptable but must not distract from the embroidery. Always use the embroidery machine optimally.

DESIGN

The design must be suitable for the shape of the tray cloth and should not have a definite top or bottom. Small designs that are not too bulky are advised. Keep the principles of good art in mind. Use the border design as frame for the placement of designs.

TEXTILE FABRIC AND SEWING THREAD

Use an even weave fabric with good texture. Take care with direction of threads when measuring and cutting. The use and removal of suitable stabilizer for the chosen fabric must be done correctly and with great care. Any suitable sewing thread used must compliment the fabric. The same colour thread or even “bobbin thread”, slightly thinner, may be used on the bobbin to obtain good results.

FINISHING OFF

To press, put face down on a soft surface and press carefully on the wrong side. The use of starch for a good final article is allowed.

PRESENTATION

Cover a solid base with textile fabric and tack article 2/3 round the edge to the fabric. Present in a transparent plastic bag, clearly marked with the competitor’s name, branch and area.

HINTS

The tension of the stitches in this embroidery is most important.